BOEKBESPREKING

Vrede — voordrachten gehouden op de 13e ‚Kirchentag' van de Evangelische Kerk in Duitsland, Hannover 1967, Bosch en Keuning n.v., Baarn, 1968 (vert. J. W. J. Megens), 95 p.

Die stroom van literatuur oor die oorlogsvraagstuk is nimmereindigend — nog onlangs weer het 'n boek verskyn van Hans Schmidt, *Frieden,* Kreuz-Verlag Stuttgart 1969.

In die boek „Vrede" vind ons drie voordragte van die hand van dr. Alva Myrdal („Politieke problemen van de vrede", 7—30), prof. Hartmut von Hentig („Opvoeding tot vrede", 31—67), prof. dr. Carl Friedrich von Weizsäcker (Vrede en waarheid", 68—95).

Die waarde van hierdie drie voordragte is nie geleë in die *oplossinge* wat dit bied nie, maar eerder in die *situasietekening* en *probleemstelling.* Ons kom terdeë onder die indruk van die monsteragtigheid van 'n oorlog. As voordragte vir 'n „Kirchentag" is hulle egter teleurstellend. Nêrens word die Woord van God en die evangelie van Jesus Christus as die énigste remedie vir die oorlogsvraagstuk aangedien nie, hoewel daar vaagweg verwys word na 'n verandering wat God in die menslike bewussyn moet voltrek (87) — al vind ons hier en daar 'n glanspunt (82—83). Om te sê dat Gód ons die etiese norme skenk, is slegs 'n „stuk waarheid" (76). Een skryfster stel dit dan ook onomwonde: „Als rasionaliste geloof ik eigenlijk slechts aan één macht die ons werkelijk kan helpen: aan voorlichting, aan onderzoek" (26). „Slechts openheid . . . moet betracht worden, een mengeling van zelfkritiek en zelfhandhaving, een bereidheid tot coöperatie en communicatie en boven alles een bereidheid tot waarheid!" (39). 'n Tweede meen dat „de enig mogelijke duurzame oplossing is een totale modernisering van het gehele leven van die naties" (73). Daar word milddadig na Freud (41 v.) en Kant (77 v.) verwys. Die oplossinge is veel meer rasionalisties as Bybels, en daarom veel meer humanisties as humaan. En dit verwonder ons nie as een skryfster openlik erken dat sy nie „tot de schare der kerkgangers behoort" (7), terwyl 'n ander op Skrifkritiese standpunt staan (83) en byvoorbeeld die Openbaring van Johannes as „eietyds" op die rak wegpak (84).

Van die (toekomstige) rol van die V.V.O. in verband met wêreldvrede word baie verwag (9, 25). Die kerk (en veral die Wêreldraad en die Vatikaan) moet dien as protesgroep (14, 17). Die groot probleem van vandag word gesien in „de noodzakelijkheid van een nieuwe verdeling van de rijkdommen" (60, 3), en die groot tema van die wêreldpolitiek die eersvolgende dekades sal waarskynlik die „hongervraagstuk" wees (72). „Statistische cijfers wettigen geen andere conclusie dan dat een hongercatastrofe in vele ontwikkelingslanden voor de deur staat, een hongercatastrofe die veel meer slachtoffers zal eisen dan de beide wereldoorlogen samen" (72). Veral ná die Tweede Wêreldoorlog het ons van een feit diep deur-

dronge geraak: „Dat de kloof tussen arme en rijke landen ieder jaar groter wordt" (20). En wat moet die mens doen om 'n steeds dreigende oorlog af te weer? Want ons leef in 'n wêreld wat oor reusagtige hoeveelhede kernwapens beskik, „voorraden die groot genoeg zijn om ons allen te doden, ja om de gehele mensheid meerdere malen te doden" (13). Ons leef in 'n wêreld waarin miskien 60,000 mense die lot van 3,6 miljard mense bepaal (89).

Oplossinge sou o.a. die volgende kon wees: kernwapens — die kwaliteit en produksie daarvan — moet bevries word; die mensheid moet opgevoed word tot vrede (art. I van UNESCO lees: „Omdat oorloë in die gees van die mens ontstaan, moet ook in die gees van die mens die werke ter verdediging van vrede opgerig word"); die grusaamheid en sinloosheid van 'n (kern-)oorlog moet ingesien word; die wêreldpolitiek moet verander word; daar moet meer bereidheid wees tot die ly van onreg; daar moet veel meer waarheidspropaganda wees, omdat die „massamedia van de tegenwoordige tijd vaak functioneren als injectiespuiten die ons regelmatig een dosis haat geven" (26—27); rasse-onderdrukking in Afrika moet beëindig word (17); krisisgebiede moet verminder word, aldus die „bevrijding van Zuidwest-Afrika uit de drukkende voogdijschap"! (16)

Ons het die groot monster „oorlog" in die kleine mens gevange geneem, maar daardeur nog nie die taak tot vrede vergemaklik nie (48). „Wij weten niet waarom er oorlogen zijn" (35, 36). Dit is 'n raaisel. En dit terwyl alle mense so graag vrede wil (7, 34, 50). Dit, terwyl alle lande wat lid is van die V.V.O. hulle meermale nadruklik uitgespreek het vír 'n „algemene en volledige ontwapening" (10).

Wie kan die oorlog sy oorwinning ontneem?

Dit alles plaas ons opnuut weer voor die tergende vraag: Wat moet 'n Christen se houding ten opsigte van die oorlogsvraagstuk wees? Passifisme? (93). Militarisme? Watter oplossing lê die naaste aan die hart van die Evangelie en met watter visie behoort die Christendom die minste moeite te hê? En behoort die kerk en teologie nie 'n volledige regsomkeer te maak nie, weg van die regverdiging en sanksionering van *oorloë* na die proklamering en uitbouing van *vrede* — van die polemologie na die irenologie? En behoort 'n stelling soos: „Die vrede van God beteken nie die afwesigheid van oorlog nie maar die aanwesigheid van God", nie as 'n onhoudbare dualisme ontmasker te word nie?

Johannesburg. J. H. van Wyk.